NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 7
14 Maart 2024

# Die ontwikkeling van die Kinderhuise – van weeshuis tot ouerhuis

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die Hervormde Kerk het in 1922 formeel toegetree tot kinderversorging. Christelike barmhartigheid is 'n wesenskenmerk van die geloofshandelinge van die kerk**.

Op 3 Augustus 1922 besluit die Algemene Kerkvergadering om 'n weeshuis op te rig. In Augustus 1923 word die eerste kinders opgeneem in 'n huis wat in Krugersdorp gevestig is. Die oudste was 12 jaar en die jongste twee jaar oud. In 1923 word 17 kinders opgeneem en in 1924 nog sewe kinders. Gou was die huis te klein, en in 1940 word 'n huiskompleks van drie dogtershuise en drie seunshuise met 'n prinsipaalhuis en 'n hospitaalhuis in gebruik geneem. Die Kerk het van die begin af in terme van 'n huis gedink om so aan kinders 'n huis te gee met gewone en normale versorging.

100 jaar van Kindersorg
DPS Pleegsorg
Glo, Stabiliseer, Ontwikkel

In 1947 het die Kerk 'n bestaande kinderhuis aangekoop. Dit was die Ebenhaezerhuis in Capital Park, Pretoria, wat die naam Andries Hendrik Potgieterhuis kry. Die eerste kinders is op 4 Junie 1947 opgeneem. Daar is ook 'n satelliethuis in Rustenburg, bekend as Huis Prinsloo, gevestig.

Daar is in die vroeë 1980's begin beplan aan die Albert Herbst-kinderhuis in Middelburg. Die amptelike ingebruikneming van die Kerk se modernste kinderhuis het op 30 April 1988 in Middelburg plaasgevind. Daar is voorsiening gemaak vir tien huise met 12 kinders in elke huis. So 'n huis het bestaan uit ses slaapkamers, 'n sit-/eetkamer, kombuis, 'n personeelwoonstel en baie ontspanningsgeriewe.

Op 27 Februarie 1996 het die Kinderhuisdireksie besluit om die kinderhuisversorging te vervang met pleegsorghuisversorging. Die eerste agt DPS-huise is op 1 Januarie 1997 gevestig.

Kinderversorging is uit nood gebore. In die beginjare is veral weeskinders versorg. Vir lank is verwys na die Weeshuis van die Kerk. Later het die fokus verskuif na kinderversorging. Al hoe meer kinders word verwaarloos en is selfs erg getraumatiseer. Die gedagte van versorging van kinders in 'n huis was deurgaans die uitgangspunt van die Kinderhuisdireksie. Met die vestiging van die Diakonale Pleegsorghuise het die Kerk van weeshuis tot ouerhuis beweeg. So is die Diens van Barmhartigheid ook afgewentel na rings- en gemeentevlak.

**Ds Willem Kok**
**Voorsitter: Direksie van die Kinderhuise**

## Lief en leed



Ds Pierre Kotzé

- **Emerituspredikant ds PJJ (Pierre) Kotzé** (74) is net voor 15:00 Saterdag 9 Maart oorlede. Hy het middel Januarie ’n operasie ondergaan waartydens ’n hartomleiding gedoen en ’n hartklep herstel is. Hy het aanvanklik goed aangesterk en is van die St George-hospitaal in Port Elizabeth na Aurora-rehabilitasiehospitaal oorgeplaas. Daar het hy ongelukkig longontsteking en infeksie opgedoen en is teruggeplaas na die St George-hospitaal, waar hy geleidelik verswak het. Ds Kotzé en sy vrou, Maryna, het in Jeffreysbaai gewoon, en hy was ’n ouderling in die gemeente. Hy het tot ’n jaar gelede nog gereeld eredienste in Jeffreysbaai en Port Elizabeth waargeneem. Sy roudiens op Woensdag 13 Maart om 10:00 vanuit Gemeente Jeffreysbaai is gelei deur ds Denise Schmidt, predikant van die samewerkende gemeentes Port Elizabeth en Jeffreysbaai. Ons innige simpatie gaan aan mev Maryna Kotzé en hul familie.

- Dit was ’n emosionele geleentheid toe **Divan de Bruin** Sondag 10 Maart in Gemeente Eikenhof gedoop is. **Op die foto** is Johann, Tanya en ouboet Ruben de Bruin saam met klein Divan en ouma Erika en oupa dr Willie Strydom. Tanya is die skriba van die gemeente, en dr Willie die (emeritus)predikant.



**Die volgende predikante verjaar tot 22 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

- Saterdag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha (65) (emeritus) en AC (Arie) Kuyper (70) (emeritus)
- Sondag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (84) (emeritus)
- Maandag 18 Maart: Di P (Pieter) de K Furstenberg (49) (Richardsbaai) en RTI (Robby) Pienaar (68) (emeritus)
- Woensdag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (58) (beroepafwagtend) en PA (André) Harmzen (45) (Swartkop/buiteland)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 1 April** bereik **vir 12 April** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Dr Gerhard Niemann

- **Dr GJ (Gerhard) Niemann** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Viljoenskroon (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en word Sondag 17 Maart daar bevestig.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** het ’n **vakante voltydse werkruimte** beskikbaar. Predikante wat belangstel om in die gemeente te dien, kan hul kontakgegewens en ’n kort CV **voor 19 April 2024** stuur aan die skriba van die gemeente, Aubrey Golightly. Sy e-posadres is **Aubrey.golightly@nwu.ac.za**. Die kerkraad behou steeds die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie van die geleentheid gebruik gemaak het om aansoek te doen nie.

- **Gemeentes Sasolburg, Sasolburg-Suid en Vaalpark** het op 10 Maart 2024 saamgesmelt, en staan nou bekend as Gemeente Deo Volente.

- Die Kommissie van die AKV het die Kuratorium se aanbevelings bekragtig en **drr DJ (Deon) du Toit, C (Christo) Pretorius, SM (Sanrie) de Beer, H (Hein) Delport en ds RC (Marina) Kok-Pretorius** benoem as **deeltydse dosente aan die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)**. Die Kommissie wens die aangewese predikante geluk en reik aan elkeen van hulle ’n akte van benoeming uit vir ’n periode van twee jaar. **Dr FJ (Frikkie) Labuschagne,** wat reeds vroeër as dosent aan die HTK benoem is, ontvang ook nou ’n akte van benoeming.

- Die Kommissie van die AKV het **prof WA (Wim) Dreyer losgemaak** van sy verantwoordelikhede binne **die HTK en die Sentrum vir Reformatoriese Teologie (SRT**). Die Kommissie benoem **dr C (Christo) Pretorius**, wat pas aangestel is as dosent in Historiese Teologie aan die HTK, om uitvoering te gee aan die opdrag van die SRT. Ingevolge die besluite van die AKV ressorteer die Argief, Biblioteek en SP Engelbrecht-museum binne die SRT. Dr Pretorius word gevolglik versoek om ook die verantwoordelikhede vir die Argief, Biblioteek en SP Engelbrecht-museum oor te neem.



- Die Kommissie van die AKV het die **ampsvoorreg** van **di D (Dolf) Bester, JP (Johan) du Preez, P (Paula) Eksteen, L (Lynette) Lötter en SH (Fanie) Willers** verleng.

- Die Kommissie van die AKV het **ds A (Annalize) Rossouw-Lombard** op 29 Februarie 2024 losgemaak van die Dora Theo Gemeente Kimberley, met behoud van ampsvoorregte.



Prof Rudy Denton

- **Ds G (Gerrit-Daan) van der Merwe** is in die Afrikaanse Christenkerk (ACK) in Nieu-Seeland as predikant bevestig, en is dus nie langer lidmaat of predikant van die NHKA nie.

- Die Kommissie van die AKV het **vervroegde emeritaat** verleen aan **prof RA (Rudy) Denton** (Potchefstroom-Studente) na sy aanstelling as medeprofessor in Praktiese Teologie aan die NWU. Die Kommissie het ook besluit om aan prof Denton ’n akte van benoeming as **teologiedosent** te oorhandig.



Ds Stephen de Beer

- **Ds GS (Stephen) de Beer** (63) van Noordwestelike Pretoria het op 29 Februarie 2024 **vervroegde emeritaat** aanvaar.

- **Ds RJ (Rudi) Rust** (beroepafwagtend) aanvaar op 31 Maart 2024 emeritaat. Hy het op 13 Maart sy 65ste verjaardag gevier.

- **Ds J (Johan) Ayres** van Germiston aanvaar op 31 Augustus 2024 emeritaat, nadat hy op 10 Augustus 65 jaar oud word.



Ds Rudi Rust

- Die Kommissie van die AKV het **oudl Lizel Schoenfeld** (Grimbeekpark) in die **Tugkomitee** benoem na die afsterwe van oudl Hennie Willemse in Julie 2023.

- **Oudle PFS (Pieter) Mulder** (Wonderboom) en **JH (Jan-Hendrik) Strydom** (Potchefstroom-Studente) het bedank as ouderlinglede van die **Sekunduskommissie** van die AKV. Volgens stemming tydens die 73ste AKV is **oudle JA (Hansie) Hartman** (Kempton Park-Oos) en **G (George) Rademeyer** (Wonderboom-Suid) die volgende verkose ouderlinglede vir die Sekunduskommissie.



Ds Johan Ayres

- Die Kommissie van die AKV het op hul onlangse vergadering ingestem dat die **Bestuurskomitee** dringende sake na die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB) kan verwys. Die **bedryfshoof** word gemagtig om alle handelsooreenkomste en kontrakte te teken wat verband hou met die bedryfsaktiwiteite van die Sinodale Dienssentrum tot en met ’n totale waarde van R1 miljoen oor die duur van die kontraktermyn.

- Die Kommissie van die AKV het met instemming kennis geneem van die Kommissie van die ADV se voorneme om die **ADV Rampfonds en die Diakonale Ondersteuningsfonds** te kombineer.

- Die Kommissie van die AKV versoek elke ringskommissie om ’n **ringsverteenwoordiger vir ekumene** aan te wys, en om dit aan hierdie verteenwoordiger op te dra om die bande met die plaaslike gemeentes van die MRCC te versterk.

- Die Kommissie het ’n **beleid op onbillike diskriminasie, viktimisasie en seksuele teistering in die werkplek** aanvaar en bekragtig. Dit is beskikbaar op die Kerk se webblad by **nhka.org** → Amptelik → Beleide.

## Werkgeleentheid by die Sinodale Dienssentrum

### PUBLIKASIEBESTUURDER/TAALVERSORGER VIR DIE NHKA

**Doel van die rol**
Om publikasies vir die NHKA tydig te skeduleer, te beplan, te taalversorg en beskikbaar te stel ten einde gebruikers in te lig, te inspireer en te ondersteun met geestelike vorming.

**Doelwitte wat bereik moet word**
- Om gereelde publikasies tydig beskikbaar te stel op verskeie platforms om met die Kerk en die wêreld te kommunikeer.
- Om gereelde en ad hoc-publikasies en tekste taalkundig te versorg ten einde kwaliteitmateriaal en -dienste te lewer.
- Om inhoud vir die kerklike publikasies aan te vra en te skep.
- Om ’n goeie verhouding met diensverskaffers te vestig en te handhaaf ten einde dienste tydig en effektief te lewer.
- Om vergaderings van redaksies en die Afdeling Kerklike Kommunikasie tydig te reël, en agendas en notules saam te stel ten einde produksieskedules te beplan en in stand te hou.
- Om ad hoc-vertalings op versoek te lewer om wyer kommunikasie moontlik te maak.
- Om die fototeek op te dateer vir toeganklikheid en hergebruik.

**Kwalifikasies vereis**
- BA-graad met Afrikaans, Engels en Joernalistiek, of ekwivalent.

**Verdere kennis en vaardighede benodig**
- Begrip van die konteks waarbinne kerklike kommunikasie plaasvind.
- Besondere taalvaardigheid in Afrikaans en Engels (proeflees, taalversorging, vertaling, teksredigering).
- Joernalistieke ervaring.
- Mediakennis (insluitend sosialemediaplatforms).
- Produksieskedulering en -beplanning.
- Vergaderingsprosedures en notulering.
- Bestuursvaardigheid binne ’n konteks van kliëntedienslewering en spanwerk.
- Rekenaarvaardigheid (Microsoft Office 365, Adobe Acrobat).

**Werkverwante funksionele vaardighede**
- Kreatiwiteit.
- Kommunikasie (visueel, verbaal, nie-verbaal).
- Dryfkrag en passie.
- Diensingesteldheid.
- Selfdissipline, beplanning en tydsbestuur.
- Leerbaarheid.
- Aanpasbaarheid.
- Analise, probleemoplossing en besluitneming.
- Emosionele intelligensie (insluitende selfkennis, selfinsig, onderskeiding).
- Interpersoonlike verhoudings en spanwerk.
- Oorredingsvermoë.
- Konflikhantering.

**Sluitingsdatum vir aansoeke**
8 April 2024 om 08:00
**Rig navrae aan:**
Ds Etienne Fourie
Voorsitter: Komitee vir Kerklike Kommunikasie
**egf@global.co.za**




## ’n Gedig

**Sonsverduistering**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
’n koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
’n vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang ’n skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister dat Sy pad onsigbaar is.
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie ’n skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

**PJ Philander**
(Uit: *Uurglas*, 1955)

## Toerusting

- **Stasies van die kruis: 25-30 Maart**
  **Gemeente Centurion-Oos**
  Napierweg 103, Lyttleton

  Die stasies van die kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld ’n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef op jou eie tyd. Dit sal sinvol wees om ’n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Die stasies verskil jaarliks. Daar is ’n handleiding by die begin van die stasies.

  Toegang is gratis. Donasies (kontant, EFT, Zapper) of onbederfbare voedsel is welkom en word vir barmhartigheid aangewend.

  Maandag 25 Maart 16:00-19:00
  Dinsdag 26 Maart 10:00-14:00
  Woensdag 27 Maart 10:00-12:00 en 16:00-19:00
  Donderdag 28 Maart 16:00-18:30
  Vrydag 29 Maart 10:30-13:00
  Saterdag 30 Maart 10:00-13:00

- **40 liedere vir die 40 dae Lydenstyd.** Vanaf Woensdag 14 Februarie is daar elke dag 'n nuwe opname van 'n gepaste kerklied waarna jy kan luister om jou meelewing tydens die Lydenstyd te verdiep. Die musiek is opgeneem in Gemeente Pretoria-Oos. Klik net hieronder en luister dag vir dag saam soos ons die pad na Golgota stap. As jy die lied-vir-die-dag daagliks via WhatsApp wil ontvang, stuur gerus jou selnommer na 072 041 3954. Klik ***hier***.




## Barmhartigheid

- In **Omsendbrief 1 van 2024** bring die NHSV Hoofbestuur die volgende inligting onder die aandag van ons vrouelidmate: **Tema en streekbyeenkomste** vir 2024 in die onderskeie NHSV streke; **Ouditering** van NHSV takke se boeke; **Barmhartigheidsuitbetalings** vir 2024; **NHSV studielenings** vir Hervormde studente; **NHSV Welstandsprogram** in samewerking met NHKA Welstandsprogram; **NHSV Facebook-blad**; **NHSV publikasies** *Die Christelike Vrou* & *Vroueflitse*; **Ondersteuning** aan predikantspare, NHSV voorsitters & emeriti; **NHSV Takjaarverslae** vir 2023; en **NHSV Kantoor**. Volg die skakel na ons NHSV omsendskrywes **https://nhsv.org.za/omsendskrywes/**.

- Die **kamp vir DPS-pleeggesinne** vind plaas van **21 tot 24 Maart** te **Venterskroon**. Daar word beoog om 30 pleegkinders asook tien pleegouers uit te nooi en agt studente te betrek by die toesig oor en aanbieding van aktiwiteite. Hierdie jaar kom drie van die vorige pleegkinders weer saam kamp as studente om 'n bietjie hul ervaring van die lewe na pleegsorg met die kinders te deel en as mentors vir hulle op te tree.

  Die kamp van 2023 se uitgawes het ongeveer R70 000 beloop. Dit sluit vervoer, etes, verversings, aktiwiteite asook verblyf vir die vier dae in. Besighede en individue wat 'n bydrae tot hierdie verdienstelike saak wil maak, kan aansoek doen vir artikel 18A-belastingvrystelling. Donasies kan inbetaal word in die volgende bankrekening:

  **Rekeningnaam:** Kinderhuise van die NHKA
  **Bank:** ABSA Besigheidsrekening
  **Rekeningnommer:** 020390093
  **Beskrywing:** Kamp

  Indien direkte inbetalings gemaak word, moet die bewys van inbetaling per e-pos gestuur word na **suzanne@rata.org.za**. Vir enige verdere navrae, kontak mev Suzanne van Deventer by 066 477 8904. Besoek gerus die webwerf by **https://pleegsorg.org.za** of die Facebook-blad *DPS Huise*.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks** vir bejaardes in **Brooklyn, Pretoria,** beskik oor die volgende:
  - Tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff teen R465 400.
  - Eenslaapkamer-huureenheid beskikbaar by Huis MacIntosh teen R5 330 (krag ens uitgesluit).

  Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Seënbede

Qu'aujourd'hui et demain l'Evangile soit notre bâton de pèlerin.
Que l'Amour de Dieu soit le manteau qui nous réchauffe.
Que sa Parole soit l'étoile qui nous guide.
Que l'amour du prochain soit la force qui nous anime.
Que la grâce de Dieu nous garde sur notre chemin.
Amen.

Mag die evangelie vandag en môre ons wandelstaf wees.
Mag die liefde van God die mantel wees wat ons warm maak.
Mag sy Woord die ster wees wat ons lei.
Mag liefde vir ons naaste die krag wees wat ons aanspoor.
Mag die genade van God ons bewaar op ons pad.
Amen.

(Uit Frans vertaal deur dr Wouter van Wyk)




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk